

## DIE TREK VAN DIE AFRIKANER NA PORT ELIZABETH

H.O. Terblanche  
*Universiteit van Port Elizabeth*

### I

#### Inleiding en Agtergrond

Die verstedeliking van die Afrikaner is 'n studieveld en navorsingsterrein wat, vanweë die toenemende belangrikheid en aktualiteit van die tema, met indringende analise nagevors, bestudeer en op skrif gestel moet word.

Met navorsing wat ek gedoen het oor die wordingsgeskiedenis en groei van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Port Elizabeth,<sup>1</sup> het dit my opgeval dat daar 'n korrelasie en 'n noue samehang bestaan tussen die geskiedenis van die N.G. Kerk en die trek van die Afrikaner na dié hawestad.

Trouens, die geskiedenis van die N.G. Kerk in Port Elizabeth vertel in 'n groot mate ook die verhaal van die Afrikaner in dié stad. Die groei en invloed van die N.G. Kerk in Port Elizabeth is in der waarheid onlosmaaklik gekoppel aan die worstelstryd en opkoms van die Afrikaner daarin.

Een van die mees opvallende kenmerke van die wording, groei en ontwikkeling van die N.G. Kerk in Port Elizabeth is die voortdurende instroming van verarmde Afrikanergesinne na die hawestad gedurende die eerste helfte van die twintigste eeu.

Dit is egter belangrik om daarop te let dat Port Elizabeth sy stigting as 'n dorp in eie reg en sy aanvanklike groei en ontwikkeling aan die Britte te danke het. Voor die koms van die Britse Setlaars was Algoabaai maar net 'n landingsplek waar verbygaande skepe vars water kon inneem. Dit was bloot 'n nederige en eenvoudige vissersdorpie.

Maar vanweë die gunstige strategiese ligging van Algoabaai, die Xhosa-vyandigheid in Oos-Kaapland en 'n moontlike inval deur 'n Franse seemag, het Algoabaai in 1799 'n Britse militêre buitepos geword. Teen 1819, net voor die koms van die Britse Setlaars, is die Blanke burgerlike bevolking op sowat 35 siele geraam.<sup>2</sup> Daarbenewens was 'n Britse garnisoen van sowat 300 soldate daar gestasioneer.

Vir Algoabaai was 1820 'n waterskeidingsjaar van besondere betekenis, want die koms van die Britse Setlaars het die toekoms van die klein Algoabaagemeenskap ingrypend verander. Op 6 Junie 1820 het sir Rufane Donkin, waarnemende Kaapse goewerneur en ook stigter van Port Elizabeth, die nuwe nedersetting na sy jong vrou vernoem.<sup>3</sup>

Port Elizabeth se Blanke bevolking het vanweë die koms van die Britse Setlaars snel toegeneem en veral die Britse element is aansienlik versterk. Die dorpie het op ekonomiese, handels- en nywerheidsgebied snel ontwikkel, veral vanweë die toe-

---

H.O. Terblanche, *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Port Elizabeth — 'n Historiese Oorsig van die Eerste Halfee, 1907—1957* (ongepubliseerde M.A.-verhandeling, U.P.E., 1973).

2. J.J. Redgrave, *Port Elizabeth in Bygone Days*, p.14.

3. Lady Elizabeth Donkin is in 1818 op 27-jarige leeftyd in Indië aan koors oorlede.

nemende skeepverkeer en vermeerderde handelsgelentehede. As handelsentrum en in- en uitvoerhawe het die dorpie in belangrikheid toegeneem.

Die dorp het vanweë die vinnige uitbreiding en die steeds toenemende inwonertal in 1825 'n landdrostdistrik geword. Die betekenis hiervan was dat Port Elizabeth nie meer onder die regstreekse jurisdiksie van Uitenhage sou val nie. Teen 1825 het die Blanke inwonertal van Port Elizabeth al tot sowat 500 gestyg.<sup>4</sup> Die eerste sensusopname van Port Elizabeth dateer uit die jaar 1846. Volgens dié opname het Port Elizabeth toe 'n Blanke bevolking van 2 088 gehad.<sup>5</sup>

Na gelang die dorp vinnig begin uitbrei het, het dit nodig geword om 'n soort dorpsbestuur, 'n stelsel van plaaslike selfbestuur, in te stel. 'n Raad van Kommissarisse, wat deur wykmeesters bygestaan is, is gevolglik in 1847 verkies om die belange van die dorp te behartig. Die Afdelingsraad van Port Elizabeth is eers 'n paar jaar later, en wel in 1856, in die lewe geroep.

Die dorp het in 1860 munisipale status gekry toe die "Port Elizabeth Incorporation Bill" deur die Kaapse parlement aangeneem is. Die wetsontwerp het vir die verkiesing van 'n burgemeester en 'n behoorlik saamgestelde stadsraad voorsiening gemaak. Die eerste stadsraadverkiesing het in Desember 1860 plaasgevind, en 1 Januarie 1861 kan as die mondigwording van Port Elizabeth beskou word, want die nuut gekonstitueerde munisipaliteit het toe amptelik in werking getree.

Handelsbedrywighede het so toegeneem dat die Port Elizabethse Kamer van Koophandel in 1864 in die lewe geroep is. Die ekonomiese ontwikkeling van die dorp is daardeur verder gestimuleer.

Port Elizabeth se polsende handels- en sakelewe het tot gevolg gehad dat die inwonertal skerp gestyg het. In 1855 het Port Elizabeth se dorpsgebied reeds 'n Blanke bevolking van 3 509 gehad;<sup>6</sup> teen 1865 het dit tot 6 886 toegeneem;<sup>7</sup> in 1875 was die Blanke inwonertal 9 309<sup>8</sup> en in 1891 al 13 939.<sup>9</sup>

Teen die einde van die 19de eeu het Port Elizabeth reeds oor die volgende gevestigde industriële ondernemings beskik: looierye (huid- en velindustrië), wolwasserye, skoefabriek en konstruksiewerkplase waar onder meer besproeiings- en landboumasjinerie vervaardig is. Daarbenewens het van die industrië ook voedsel, seep, tuie, kerse, beskuit, vuurhoutjies, plofstowwe, sigarette ens. vervaardig.

Die Engelssprekende in Port Elizabeth het van meet af aan op ekonomiese gebied, veral wat die handel, geldwese en industrie betref, die leiding geneem. Die Engelssprekende was dus aanvanklik die ondernemer, sakeman, handelaar, nyweraar, werkgewer en kapitaalbesitter. Daarteenoor was die Afrikaner die verarmde onderhorige, die besitlose ongeskoolde en die verleë werknemer. Die geweldige agterstand wat die Afrikaner op ekonomiese gebied in Port Elizabeth gehad het, dateer dus vanaf die stigting en die 19de-eeuse groei en ontwikkeling van dié stad.

Gedurende die 19de eeu was daar maar net 'n handjievol Afrikaanssprekendes in Port Elizabeth. In 1849 het 'n adresgids van die inwoners verskyn waarin die name van hoogstens twintig Hollandssprekendes voorgekom het. Die beroepe wat hulle

4. L.R.A. Victor, *Die Stigting en Vroeë Geskiedenis van Port Elizabeth tot 1845* (ongepubliseerde M.A.-verhandeling, U.P.E., 1973), p.166.

5. J.J. Redgrave, *Port Elizabeth in Bygone Days*, p.367.

6. *Abstract of Population Returns of the Colony of the Cape of Good Hope, 1855.*

7. *Der erste Census in der Kap-Kolonie, 1865.*

8. *Census of the Colony of the Cape of Good Hope, 1875.*

9. *Census of the Colony of the Cape of Good Hope, 1891.*

beklee het, was onder meer dié van klerk, winkelier, wasmid en handelaar.<sup>10</sup>

Tot en met die stigting van 'n eie, selfstandige N.G. gemeente in Port Elizabeth in 1907, was Port Elizabeth 'n buitewyk van die gemeente Uitenhage. Die kerkraad en leraars van Uitenhage moes dus oor die geestelike belange waak en in die geestelike behoeftes voorsien van die handjiewol lidmate te Port Elizabeth.

Reeds in 1857, toe daar sowat sewentig lidmate van die N.G. Kerk in Port Elizabeth en omgewing was, is die eerste pogings aangewend om 'n eie N.G. gemeente te Port Elizabeth te stig — vyftig jaar voordat daar werklik tot so 'n stap oorgegaan kon word.<sup>11</sup> Buitendienste wat ds. A.I. Steytler van Uitenhage in 1865 op 'n kwartaal-like basis in Port Elizabeth gehou het, is deur gemiddeld vyftig lidmate per keer bygewoon.<sup>12</sup> Die sieletal van die N.G. Kerk in Port Elizabeth in 1875 is as 215 aangegee.<sup>13</sup>

Uit gegewens wat hierbo verstrekkend is, blyk dit duidelik dat daar voor die einde van die 19de eeu maar slegs 'n klein insypeling van Afrikaners na Port Elizabeth was. Tog het armoede onder die plattelandse Afrikaners reeds teen die einde van die 19de eeu onrusbarende afmetings begin aanneem. Hierdie verarmingstoestande het egter nie sulke krisisaftmetings aangeneem dat dit Afrikanerboere in die Oos-Kaapse binneland in groot getalle na Port Elizabeth sou uitdryf nie.

Maar teen die einde van die 19de en aan die begin van die 20ste eeu was verskeie nuwe faktore vir die stadwaartse trek van die Afrikaner verantwoordelik. Hier word veral aan die runderpes van 1896 gedink. Die nagevolge van die Tweede Vryheidsoorlog (1899—1902), te wete veeverliese en vernielde boereplase, sou die situasie ook ingrypend verander. Boonop het periodieke, knellende droogtes hierdie tydperk gekenmerk. Op ekonomiese gebied het daar dus 'n ontwrigting ingetree en dit het die verarmingsproses in die platteland grotendeels verskerp en die trek na die stede aansienlik laat toeneem. Wat die stadwaartse trek van die Afrikaner betref, was die Tweede Vryheidsoorlog en sy naweë dus 'n waterskeidingsgebeurtenis.

## II

### Die Tydperk 1904—1936

Teen 1904 was die getal Afrikaanssprekendes in Port Elizabeth, die buitewyke ingesluit, ongeveer 900.<sup>14</sup> Dit het beteken dat slegs 3,9% van Port Elizabeth se Blanke inwonertal van 22 873 Afrikaanssprekend was. Die instroming van Afrikaners was dus tot in die stadium relatief gering.

Die stryd om staande te bly, moes aan hierdie paar honderd Afrikaanssprekendes ontsettende eise gestel het, want teen 1904 was daar nog nie 'n eie N.G. gemeente in Port Elizabeth waarom hulle hul kon skaar nie. Omdat hulle daardie gevoel van sekuriteit moes ontbeer, was hulle des te meer weerloos gelaat. Hierdie Afrikaner-

10. J.J. Redgrave, *Port Elizabeth in Bygone Days*, p.512.

11. H.O. Terblanche, *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Port Elizabeth — 'n Historiese Oorsig van die Eerste Halfeeu, 1907—1957*, pp.14—16.  
*Ring van Albanie (1862—1866)*, R5/4.

*Census of the Colony of the Cape of Good Hope, 1875.*

Die 1904-sensus van die Kaapkolonie gee die sieletal van die N.G. Kerk in Port Elizabeth en buitewyke aan as 886. Wat die dorpsgebied self betref, moes die sieletal egter heelwat minder gewees het, soos uit latere gegewens sou blyk. Vir die Gereformeerde Kerk is in 1904 géén siele aangegee nie.

gesinne het hulle in 'n stad bevind waar die Engelse gees en invloed in alle opsigte oorheersend was en as sodanig was hulle aan 'n verengelsingsproses blootgestel. Die kosmopolitiese stadsmilieu was nie alleen vir hulle vreemd wat sedes, gewoontes en lewensbeskouing betref nie, maar hulle is ook soos vreemdelinge behandel. Van gelykberegting op taal- en kultuurgebied was daar geen sprake nie. Omdat hul Afrikaneridentiteit bedreig is, was die gevaar van volksverwilderings groot.

Vir die Afrikaner in Port Elizabeth was 1907 bepaald 'n gedenkwaardige jaar, want op 20 November 1907 is die N.G. gemeente Port Elizabeth (later bekend as Moedergemeente) gestig. Die grenslyne van die nuwe gemeente is as volg bepaal: "De geheele stad en het gedeelte buiten de stad bekend onder den naam Walmer."<sup>15</sup> Die gemeente het met sy stigting uit 750 siele en 150 lidmate bestaan. Teen 1907 kon daar dus nie veel meer as 'n 1 000 Afrikaanssprekendes in Port Elizabeth gewees het nie.

Met sy diensaanvaarding as die eerste leraar in 1909 moes ds. G.W.S. Hofmeyr by ongeveer 42 gemeentes om lidmaatskapsertifikate aansoek doen ten einde die gemeenteregister in orde te kry.<sup>16</sup> Dit illustreer die omvang en uitgestrektheid van Port Elizabeth se hinterland in die Kaapse Middelland en Oos-Kaapland, waarvan daan die verarmde Afrikanergesinne stadwaarts gestroom het. Ook moes ds. Hofmeyr dit ondervind dat daar binne die bestek van een jaar nie minder nie as 92 gesinne van woonplek verander het. In 1909 het 99% van die 350 lidmate boonop aan die werkende klas behoort en hulle was feitlik almal behoeftig.<sup>17</sup>

Die trek na die stede, wat reeds sedert 1907 'n versnelde tempo ondergaan het, het ná Uniewording in 1910 nuwe afmetinge aangeneem. Dit was veral vanweë ekonomiese skommeling en natuurrampe. In 1911 het ds. Hofmeyr verklaar dat Port Elizabeth nog steeds as 'n toevlugsoord dien vir diegene wat op boereplase of in klein dorpieë geen bestaan kon maak nie. In dié verband het hy 'n beroep op die Ring van Graaff-Reinet gedoen om stappe te doen om die gedurige toestroming na die stede aan bande te lê. Hy het verder ook gemeld dat die gemeente, behalwe vir die uitsonderlike gevalle, nog uitsluitend uit die werkende klas bestaan het; die oorgrote meerderheid waarvan baie behoeftig was en 'n moeilike stryd teen armoede en gebrek moes stry.<sup>18</sup>

Hierdie stadwaartse instroming van verarmde Afrikaners is in 1911 deur ds. Hofmeyr gesien as 'n situasie wat noodlottige gevolge vir die Afrikanervolk inhou. Vele gesaghebbendes het die strydkreet "terug na die land" aangehef, maar die Afrikaner in die stad het gekom om te bly. Ds. Hofmeyr en andere se vrese is nie heeltemal bewaarheid nie, want in die stad het die Afrikaner homself op kerklike en geestelike gebied meestal gehandhaaf — onder andere omdat hy sy geloof in God en sy liefde vir sy Kerk behou het. Daarom is met reg gesê: "Dit was nie die nood wat ons mense na die stad toe gedryf het nie, maar dit was God wat deur middel van daardie donker dae vir hulle hierheen gestuur het. Destyds kon ons dit nie verstaan nie, maar vandag sien ons hoe wonderlik Sy leiding was. Ons mense uit die platteland moes kom leef en hulle moes hul godsdiens in die stad kom uitleef."<sup>19</sup> In 1916 het die

15. *De Kerkbode*, 28 November 1907.

16. *N.G. Gemeente, Sydenham, Soewenierprogram, Inwyding van die nuwe kerkgebou*, 31 Januarie 1948.

17. *De Kerkbode*, 9 September 1909.

18. *Verslagen van den Staat van Godsdienst (1910—1911)*, RA 1/6.

19. *Moedergemeente, Port Elizabeth, Halfeeu-fees-gedenkboek (1907—1957)*. (Feesboodskap — ds. A.C. Stegmann), p.61.

versierende dr. D.F. Malan, toe redakteur van *Die Burger*, op die Armblanke-kongres in Cradock pleitend uitgeroep: "Laat ons mense toe om na die stad te trek — ons volk se toekoms lê daar — die Afrikaner moet nog die stede verower!"<sup>20</sup> Destyds was dié wekroep byna tevergeefs en tog sou die toekoms hom gelyk gee.

In 1911 was daar ongeveer 1 500 Afrikaanssprekendes (7,5% van die Blanke inwonertal) in Port Elizabeth. Met die skerp afname in die getal buitelandse immigrante sedert 1911, het die stedelike werkkringe al meer van die plattelandse bewoners, meesal Afrikaners, begin lok — in so 'n mate dat veral die Vrystaat en die Kaapprovinsie gedurende dié tydperk 'n absolute vermindering van die Blanke landelike bevolking aangetoon het.<sup>21</sup>

Die toeloop van Afrikanergesinne na Port Elizabeth het dus steeds momentum gekry. Die posisie in 1912 is op 'n keer as volg aangeteken: "De gemeente groei steeds aan; er gaat haast geen week voorbij of een of ander huisgezin, van onze verarmden, komt zich hier te woon vestigen."<sup>22</sup> Volgens 'n godsdienverslag, vir die kerkjaar eindigende Oktober 1912, het Port Elizabeth 'n wisselende gemeente gebly. In die vorige jaar het 52 gesinne hul nuut in Port Elizabeth gevestig en slegs 90 uit 190 huisgesinne het nog in dieselfde huis as 'n jaar tevore gewoon.<sup>23</sup>

In hierdie stadium het nege uit elke tien gesinne wat Port Elizabeth binne-getrek het, hulle vanweë armoede en gevolglik om 'n heenkome te vind, in dié stad kom vestig. Dikwels was die broodwinner in geen ambag opgelei nie en was dit dus moeilik om 'n betalende werk te vind. Werkloosheid was derhalwe 'n probleem van geen geringe omvang nie en nog steeds was daar 'n voortdurende intog van hulpbehoewende gesinne. Die meeste jongmense het by die spoorweë gewerk, terwyl 'n groot aantal ook op die trems diens gedoen het. Vanweë die naakte armoede is vele kinders en jong dogters in die fabriek aangetref. Hier het hulle vir 'n karige loon gewerk.<sup>24</sup>

In 1912 was nóg die Afrikaner nóg sy taal 'n regmatige plek in Port Elizabeth gegun. Mnr. Naas Ferreira, 'n ou ingesetene, het die posisie as volg beskryf: "Daardie tyd het ons byna geen Afrikaanse woord in die stad gehoor nie en ons was selfs belet om met reisigers op die trems 'n woord Afrikaans te praat."<sup>25</sup>

Die getal lidmate het in 1913 op 640 te staan gekom en die sieletal op 1 420. Dit wil sê, die sieletal het sedert die stigting van die gemeente, ses jaar tevore, in 1907, reeds verdubbel. Die ledetal weer het binne die bestek van slegs vier jaar feitlik verdubbel.

In 1913 is daar die eerste keer na Port Elizabeth verwys as 'n stad, en wel in Ordonnansie No. 13.

Die Eerste Wêreldoorlog (1914—1918) het in verskeie opsigte 'n groot bydrae tot die verdere "Groot Trek" van die Afrikaner na die stede gelewer. Nadat die prys van volstruisvere reeds in 1913 gedaal het, het die volstruisveermark met die uitbreek van die oorlog in 1914 heeltemal in duie gestort. Honderde boere in Oudtshoorn en omliggende distrikte is hierdeur geldelik geruïneer en moes hul plase verlaat. Die meeste van hulle het na Port Elizabeth verhuis.

20. *Kerklike Kongres oor die Gesinslewe* (23—27 September 1963 in Bloemfontein), p.1.

21. F.J. Minnaar, *Die Plattelander in die Stad*, p.216.

22. *De Kerkbode*, 11 April 1912.

23. *Verslagen van den Staat van Godsdienst (1912—1913)*, RA 1/7.

24. *De Kerkbode*, 16 Oktober 1913.

25. *Die Oosterlig*, 19 April 1948.

Landbou- en handelsbedrywighede in die platteland is erg ontwrig deur die ekonomiese depressie wat na die vrede in 1918 sou volg. Boonop het knellende, periodieke droogtes en verwoestende oorstromings ook die landelike gebiede geteister. Dit sou tot gevolg hê dat vele Afrikaners in die Oos-Kaapse binneland uitgeboer het en elders 'n heenkome moes vind.

'n Baie belangrike faktor was die feit dat die fabriekswese in hierdie tydvak 'n bloeiperiode ondergaan het. Die nywerheidsontwaking wat ná die oorlog ingetree het, het tot gevolg gehad dat Port Elizabeth naas 'n handelstad en later hawestad ook 'n fabriekstad geword het. In die stedelike sentra, onder meer Port Elizabeth, was daar dus na 1918 'n groot vraag na arbeiders. Hierdie arbeiders is feitlik uitsluitend van die platteland getrek en was meermale reeds in die stad teenwoordig op soek na werk.

'n Kenmerk van Suid-Afrika se groot ontwikkeling op nywerheidsgebied was dat die nuwe fabriek in 'n groot mate in die kusstede opgerig is — vandaar 'n betreklik groot toename in die bevolking van die kusstede. Port Elizabeth se skoennywerheid is byvoorbeeld in die tydperk na 1918 deur groot uitbreiding gekenmerk.

Groter meganisasie op landboukundige gebied in die platteland het eweneens die stroom van plattelandse verhuisers verbreed. Die drie groot kragte wat na 1918 daartoe meegewerk het dat die stadwaartse instroming van verarmde Afrikanergesinne in intensiteit sou toeneem, was plattelandsverarming, stedelike industrialisasie en landboumeganisasie.

Gedurende 1914 het ongeveer 70 verarmde huisgesinne Port Elizabeth binnetrek. In die meeste gevalle was hulle “van de armsten der armen ... en men moet zich soms verbazen hoe die menschen leven kunnen”.<sup>26</sup> Soos gedurende 1912 was die verhouding tussen diegene wat die stad binnetrek, en dié wat die stad verlaat het, nog steeds 2 tot 1.

In 1917, tien jaar na die stigting van die Moedergemeente, was die sieletal 2 900 en die getal lidmate 1 000. Die ledetal het dus binne 'n dekade meer as ses maal vermeerder en die sieletal byna vier maal. In Mei 1917 het ds. A.C. Stegmann, die tweede leraar, gemeld dat daar die voorafgaande agtien maande 160 verarmde gesinne hul toevlug na Port Elizabeth geneem het. Volgens hom het daar onder die verarmde Afrikanergesinne nood van die ernstigste aard geheers.<sup>27</sup>

Vir die Afrikanergemeenskap in Port Elizabeth was 1917, volgens alle aanduidinge, 'n krisisjaar. Die armblankevraagstuk in Port Elizabeth het in daardie jaar ontsettende afmetings aangeneem, soos blyk uit die volgende gegewens wat deur ds. Stegmann verstrek is:<sup>28</sup>

Uit 34 aansoeke by die skoolraad om gratis onderwys ingedien, was 25 dié van Afrikaanssprekendes.

Nadat daar slegs een Sondag van die kansel afgekondig was dat die Inspekteur van Blanke Arbeid die stad sou besoek in verband met werkerskaffing aan die armes in die bosplantasies, is die name van 65 Afrikanergesinne by die pastorie ingedien.

Van die sowat 550 Afrikanerkinders in die dagskole het nie meer as 'n dosyn die geleentheid gehad om verder as st. IV en V te vorder nie. Die meeste het reeds vóór st. IV die skool verlaat.

26. *Verslagen van den Staat van Godsdienst (1914—1916)*, RA 1/8.

27. *De Kerkbode*, 24 Mei 1917.

28. *Verslagen van den Staat van Godsdienst (1917—1918)*, RA 1/9.

In die "vrije school" Mackay, waar gratis onderwys aan behoeftige leerlinge aangebied is, was 85% van die leerlinge Afrikaanssprekend.

Vanweë armoede en gepaardgaande probleme het 130 Afrikanerkinders glad geen Sondagskool bygewoon nie.

Ten minste 30 Afrikanergesinne was genoodsaak om enkelkamers te bewoon.

In 1918 het die ongeveer 4 000 Afrikaners in Port Elizabeth 17,1% van die totale Blanke bevolking van die stad uitgemaak. Volgens 'n Ringskommissieverslag was daar in 1918 in Port Elizabeth sowat 100 armblankehuisgesinne. Dié verslag het die toestand as ernstig bestempel.<sup>29</sup>

In die lig van die feit dat soveel armes uit die buitelandse distrikte reeds hul intrek in Port Elizabeth geneem het, het die Ring van Graaff-Reinet in Oktober 1920 'n voorstel aanvaar waarin steun aan die Algemene Armesorgkommissie toegesê is "in hare pogingen om de regering te bewegen arbeid van verarmde blanken in de nieuwe havenwerken te Port Elizabeth te gebruik".<sup>30</sup> Teen 1920 het die sieletal al tot 3 360 toegeneem en was die getal lidmate 1 323. Volgens ds. Stegmann het 95% van die lidmate tot die arbeidersklas behoort.<sup>31</sup>

Vanweë die verwoestende droogte van 1920 en daarna, het verdere honderde Afrikaners van die platteland hul toevlug na Port Elizabeth geneem en moes die fabriek weer eens 'n heenkome bied vir die boere wie se toekomsdrome verydel is. Sedert ongeveer 1920 het die geboorte-oorskot op die platteland ook die jeug uitgestoot om in die stede 'n heenkome te soek. In Port Elizabeth is hulle deur die fabriekswese geabsorbeer.<sup>32</sup> Die stadwaartse trek het so 'n omvang aangeneem dat die Blanke bevolking in baie van die plattelandse distrikte in die Kaapse Middelland en die Oostelike Provinsie in die dekade 1911 tot 1921 met meer as tien persent verminder het.<sup>33</sup>

In 1921 het ds. Stegmann die realistiese mening uitgespreek dat die stadwaartse trek van die Afrikaner nooit gestuit sou kon word nie. Volgens hom was alle aanduidings daar dat die stede 'n afsetgebied sou bly vir "onze meest verarmde en verachterde Afrikaners".<sup>34</sup> In dié verband het ds. Stegmann die volgende betekenisvolle stelling gemaak: "De arme Afrikaner in de stad wordt 'n last voor ons en 'n schandvlek voor onze Kerk en volk, als hij niet dadelik in verbintenis met de Kerk wordt gebracht."<sup>35</sup>

Die toeloop van verarmde Afrikanergesinne na Port Elizabeth was so oorweldigend dat daar teen die einde van 1921 sowat 135 gesinne was wat geen huis besit het nie, maar in kamers of agterplase moes woon. Gedurende 1921 het die getal nuwe intrekkers in 'n groter mate as ooit tevore toegeneem. Slegs enkele gesinne het die stad verlaat, terwyl 136 nuwe gesinne (sowat 500 siele) hul intrek in Port Elizabeth geneem het.<sup>36</sup>

Geen wonder dat ds. A.D. Lückhoff, die toenmalige sekretaris van die Algemene Armesorgkommissie, die gemeentelike groei as haas ongelooflik en buitengewoon

29. *Acta van al de Ringen (1918)*, R9/29.

30. *Ibid.* (1920), R9/30.

31. *De Kerkbode*, 13 Mei 1920.

32. J.R. Albertyn, P. du Toit, H.S. Theron, *Kerk en Stad*, p.289.

33. J.F.W. Grosskopf, *Plattelandsverarming en Plaasverlating*, p.150.

34. *De Kerkbode*, 15 Desember 1921.

35. *De Kerkbode*, 15 Desember 1921.

36. *Godsdienst Verslagen (1920—1921)*, RA 1/10.

bestempel het nie. Volgens ds. Lückhoff was die gemeente, wat slegs veertien jaar vantevore gestig is, reeds die veertiende grootste gemeente in Kaapland. Die groei was inderdaad merkwaardig, want in 1921 was daar 3 827 siele, 1 694 lidmate, 873 huisgesinne en 2 000 kinders in die gemeente.<sup>37</sup>

Hierdie instroming het gedurende 1922 onophoudelik voortgeduur en Port Elizabeth het steeds as 'n toevlugsoord gedien vir diegene wat sonder uitsondering uiters behoeftig was. Die werkloosheidsvraagstuk het groot en steeds groter afmetings aangeneem. Vanweë die volslae armoede en die woningnood het die getal huisgesinne, wat gedwing was om hul intrek in kamers of agterplase te neem, in 1922 tot 150 gestyg — teenoor die 30 gesinne van 1917.

In 1923 het ds. Stegmann veelseggende statistiek aangaande die stad en die gemeente verstrek.<sup>38</sup> Die sieletal was 4 669, die ledetal 2 053 en die getal kinders 2 313. Daar was reeds 970 huisgesinne in die gemeente, maar 226 gesinne het in kamers of agterplase gewoon en 483 gesinne het in die allertreurigste omstandighede verkeer. Die getal Afrikanerjongmense wat in fabriek gewerk het, was 723.

In 'n godsdienstverslag is eweneens insiggewende gegewens van gesinne verstrek wat hulle reeds teen 1923 in Port Elizabeth gevestig het. (Die aantal gesinne word tussen hakies langs die betrokke distrik, waarvandaan hulle gekom het, aangedui): Somerset-Oos (105), Jansenville (83), Uitenhage (82), Graaff-Reinet (58), Aberdeen (51), Steytlerville (37), Humansdorp (36).<sup>39</sup> Hierdie gegewens is betekenisvol, want van die 970 Afrikanergesinne wat teen 1923 in Port Elizabeth gevestig was, het 452 gesinne (byna die helfte) uit bogenoemde sewe distrikte gekom. Dié opname het ook 'n goeie aanduiding van Port Elizabeth se hinterland en die omvang van die stadwaartse trek gegee. Die instroming van plattelandse gesinne het só toegeneem dat die N.G. gemeente Port Elizabeth in 1924, met 'n sieletal van 4 669, reeds die vyfde grootste gemeente in Kaapland was.<sup>40</sup>

Oos-Kaapland is boonop gedurende 1926 en 1927 deur 'n kwaaï droogte geteister. Die verstedelikingstempo is hierdeur sodanig versnel dat daar in 1926 reeds sowat 8 500 Afrikaanssprekendes in Port Elizabeth woonagtig was. Die getal Afrikaanssprekendes het dus binne slegs agt jaar meer as verdubbel. Die persentasie Afrikaanssprekendes, wat in 1926 reeds 25,2% van die Blanke bevolking van Port Elizabeth uitgemaak het, was na verhouding hoër as in Kaapstad of Johannesburg.

In die sensustydperk 1921 tot 1926 was Port Elizabeth se groeitempo, met 'n gemiddelde jaarlikse toename van die Blanke bevolking van 5,2%, die hoogste in die land.<sup>41</sup>

Hierdie 8 500 Afrikaners het geen homogene gemeenskap gevorm nie, want in dié stadium het ds. F.W. Liebenberg van die groot klasseverskille in die Afrikanergemeenskap melding gemaak. Volgens hom kon twee uiteenlopende klasse onderskei word, naamlik die vooruitstrewende klas en die sinkende deel van die Afrikanervolk. Die klasseverskil het homself veral op geestelike, sedelike en materiële gebied geopenbaar.<sup>42</sup> Die probleem het gevolglik dikwels opgeduik dat hierdie sogenaamde sinkende deel van die Afrikanervolk, vanweë die swak sosio-ekonomiese omstandighede wat hul

37. *De Kerkbode*, 3 November 1921.

38. *Godsdienst Verslagen (1922—1923)*, RA 1/11.

39. *Ibid.*

40. *Acta Synodi (1924—1930)*.

41. S. Pauw, *Die Beroepsarbeid van die Afrikaner in die Stad*, p.125.

42. *Godsdienst Verslagen (1925—1926)*, RA 1/12.



bestaan gekenmerk het, in onsedelikheid verval het. Daarom moes die kerkraad soms spesiaal vergader om tugsake te bespreek.

Die maatskaplike toestande in 'n groot deel van die gemeente was demoraliserend en selfs onheilspellend. Drie, vier, selfs vyf huisgesinne, dikwels met groot dogters en seuns, was genoodsaak om in een woning (in aparte vertrekke) saam te woon. Munisipale behuisingstoestande was skokkend; veral vanweë die onvermoë van die munisipale owerhede om die verarmde Blanke huisgesinne van voldoende en behoorlike huisvesting te voorsien. Ds. Liebenberg het hom in 1926 as volg hieroor uitgelaat: "Daar is in New Brighton en Lake View voorsiening gemaak vir gekleurdes en kaffers, ... maar vir die arme blanke is daar vandag nog nie voorsiening gemaak nie."<sup>43</sup>

Vanweë die werkloosheidsvraagstuk en die woningnood het ds. Liebenberg in 1927 'n beroep op die kerkrade van die omliggende Oos-Kaapse gemeentes gedoen om hul lidmate te waarsku om nie na Port Elizabeth te trek, indien hulle nie in een of ander ambag opgelei was nie. In 1927 het ds. Liebenberg hom nogmaals as volg oor die toestande in Port Elizabeth uitgelaat: "Die stad is nou so vol Afrikaners soos nooit tevore nie. Sommige soek werk, andere soek huisvesting. Huisvesting is hier so skaars dat ons mense somar in sinkgeboutjies in agterplase intrek, andere weer in kamertjies gemaak van die planke van kiste, waarin motorkarre ingevoer word. Dan weer woon daar vier of vyf families in een woning ... Die toestande hier by ons is sorgwekkend. So kan dit nie langer voortduur nie. Goddank! vir ons Kerk hier, want as daar iets is wat die Afrikaner bokant die maalstroom van die wêreld sal hou, dan is dit sy godsdiens."<sup>44</sup>

In 1927, twintig jaar na die stigting van die eerste en tot in daardie stadium die enigste gemeente van die N.G. Kerk, was die sieletal 6 775 en die ledetal 2 710. Die sieletal het dus binne twee dekades nege maal toegeneem. Die ledetal weer het agtienvoudig vermeerder. Die gemeentelike groei was in alle opsigte merkwaardig. In hierdie stadium was die gemeente Port Elizabeth reeds die derde grootste gemeente in Suid-Afrika. Die bewering is dus met reg gemaak dat geen ander stad in Suid-Afrika na verhouding so 'n snelle aanwas van Afrikaners gehad het soos Port Elizabeth nie.<sup>45</sup> Volgens verklarings van ervare amptenare het veral droogtegeteisterde distrikte soos Jansenville, Steytlerville, Graaff-Reinet, Pearston en Aberdeen tussen 1926 en 1929 landelike armes na Port Elizabeth afgestoot.<sup>46</sup>

Die ekonomiese beleid van genl. Hertzog se Paktregering, wat in 1924 aan bewind gekom het, het daartoe meegewerk dat die trek van die Afrikaner na die stede aansienlik toegeneem het. In die jare 1920 – 1924 was daar grootskaalse werkloosheid, veral onder Blanke jeugdiges. Om die toestande van armoede en werkloosheid te bekamp, het genl. Hertzog die industrialisering van Suid-Afrika bewustelik gestimuleer. Sy "beskaafde arbeidsbeleid" het na 1924 gelei tot die grootskaalse indiensneming teen betalende lone van ongeskoolde Blanke arbeiders in die spoorweë en hawewerke, fabriek en staatsdiens. Die regering se ekonomiese beleid het nie alleen werkgeleenthede verskaf aan duisende verarmde en werklose Afrikaners nie, maar dit het ook die stadwaartse verhuising van die Afrikaner versnel.

43. *Ibid.*

44. *Die Kerkbode*, 4 Mei 1927.

45. J.R. Albertyn, P. du Toit, H.S. Theron, *Kerk en Stad*, p.23.

46. J.F.W. Grosskopf, *Plattelandsverarming en Plaasverlating*, p.180.

In Port Elizabeth was daar in die tydperk na 1924 'n opbloeï op industriële gebied vanweë die regering se beleid om plaaslike nywerhede te beskerm. Industrieë is byvoorbeeld geskep vir die vervaardiging van sement, klere, elektriese batterye en glasprodukte. Motorfabrieke soos Ford en General Motors is onderskeidelik in 1923 en 1926 in Port Elizabeth opgerig. Teen 1926 was daar reeds sowat 200 fabrieke en industriële ondernemings in Port Elizabeth. Buitebandfabrieke moes noodwendig volg en in 1936 is die Firestonefabriek opgerig.

In die jare 1922—1939 is uitgebreide hawewerke ook in Port Elizabeth onderneem. In 1922 is 'n begin gemaak met die bouwerk aan die breekwater en in 1931 het die bouwerk aan die Charl Malankaai begin. Die opening van hierdie kaai het in 1933 plaasgevind. Die breekwater is uiteindelik in 1934 voltooi, terwyl die Charl Malankaai en die No. 2-kaai onderskeidelik in 1938 en 1939 voltooi is.

Uit gegewens (Februarie 1929) van 202, meestal verarmde Afrikaanssprekende persone (waaronder 121 skoolkinders tussen st. IV en VI) in Port Elizabeth, het dit geblyk dat net elf kinders in die stad gebore is. Hierdie 202 persone was veral uit die volgende distrikte afkomstig: Uitenhage (29), Somerset-Oos (28), Jansenville (27), Humansdorp (22), Alexandria (12), Pearston (11), Cradock (8), Graaff-Reinet (7), Aberdeen (6), Steytlerville (5), Uniondale (5), Oudtshoorn (4), Willowmore (3) en ander Kaapse, Vrystaatse en Transvaalse distrikte.<sup>47</sup> Hierdie opname, wat 'n groot korrelasie met die opname van 1923 getoon het, het die feit onderstreep dat die aangrensende distrikte in die stadwaartse trek die grootste rol gespeel het. Daarna het die distrikte wat tot 'n afstand van sowat 200 myl per spoor met Port Elizabeth verbind is, gevolg.

Dat die Afrikaner teen 1929 nietemin besig was om 'n gunstiger plek in die samelewing van Port Elizabeth in te neem, het uit die volgende geblyk: "t Is verbazend hoe't getal Hollandse mense heeft toegenomen. Zij komen van alle delen van't land. Vroeger hoorde men nooit Afrikaans spreken in't publiek; nu hoort men die taal op straat, in alle winkels, op de trein, de tram, de bussen, en de Afrikaner word gerekend."<sup>48</sup>

Sedert 1929 het distrikte wat vroeër 'n bloeiende sybokboerdery gehad het, soos Aberdeen, Jansenville, Pearston, Steytlerville en Willowmore, as gevolg van die skommeling in die prys van sybokhaar, groot verliese aan Blanke plaasbewoners gehad. Die gepaardgaande skerp daling in die wolprys het die boere in die Oos-Kaapse distrikte vanselfsprekend ook nadelig beïnvloed.<sup>49</sup> Omdat bogenoemde prysdaling veral daardie distrikte wat deel van Port Elizabeth se hinterland uitgemaak het, nadelig getref het, het die toestroming van die plattelandse bewoners na Port Elizabeth in die dertigerjare selfs groter afmetings aangeneem.

By wyse van vergelyking kan op die volgende gelet word. Die Blanke stedelike bevolking van Suid-Afrika het tussen die jare 1891 en 1911 met 203% vermeerder in vergelyking met 70% vir die volgende twintig jaar.<sup>50</sup> Port Elizabeth se Blanke bevolking het egter tussen die jare 1891 en 1911 met slegs 44% vermeerder in vergelyking met 119% vir die volgende twintig jaar. Hieruit blyk dit duidelik dat daar voor 1911 nie juis 'n betekenisvolle toename in Port Elizabeth se Blanke

47. *Ibid.*, p.181.

48. *Die Kerkbode*, 28 Augustus 1929.

49. J.F.W. Grosskopf, *Plattelandsverarming en Plaasverlating*, p.89.

50. F.A. van Jaarsveld, *Stedelike Geskiedenis as navoringsveld vir die Suid-Afrikaanse historikus*, p.12.

bevolking was nie. Daarenteen het die Blanke bevolking van Port Elizabeth tussen die jare 1911 en 1931 s6 snel toegeneem dat die persentasie toename heelwat hoër was as die uniale gemiddelde.

Die drukke jare van landswye ekonomiese depressie (1930—1933) en die ontsettende droogte van 1933 het die plattelandse verarming tot 'n toppunt gebring en dit het sy stempel wel deeglik ook op Port Elizabeth afgedruk. Woningnood het krisisafmetinge aangeneem. Sedert die droogtejaar van 1927 en die depressiejare van 1932—33 het skares verarmde Afrikanergesinne hulle in Kensington, Sydenham, Noordeinde, Korsten en Sidwell gevestig, met ander woorde “die plattelandse families het hulle aanvanklik gevestig in die poort van die stad, wat die stad met die platteland verbind ...”<sup>51</sup>

Soos wat die geval was in Kaapstad en Johannesburg, het ook die verarmde plattelandse gesinne in Port Elizabeth hul intrek in ongunstige, digbewoonde woonbuurte geneem, waar hulle in agterbuurttoestande gelewe het. Hulle het hul in dié buurte gevestig om naby die nywerhede en fabriek te wees. Aanvanklik was dit dus feitlik oorwegend die Afrikaanssprekendes wat in die swakker voorstede en woonbuurte in Port Elizabeth saamgetrek was, waar “hulle feitlik as afgeslote gemeenskappe gewoon het wat op sosiale gebied weinig of geen kontak met hulle Engelssprekende stadsbewoners gehad het nie, maar waar hulle op kerklike gebied goed georganiseer was in drie gemeentes. Hierdie isolasie op sosiale gebied en hierdie kerklike organisasie van steeds groter wordende getalle, was dan ook hul vernaamste redding as Afrikaners.”<sup>52</sup>

'n Groot persentasie van die verarmde plattelandse intrekkers het hulle aanvanklik buite die destydse munisipale grense van Port Elizabeth gevestig; onder meer in die buite-stedelike gebied van Korsten, wat nie onder die bestuur van die plaaslike munisipale owerheid gestaan het nie. (Kempstonweg was indertyd die noordelike munisipale grenslyn.) In Korsten, op 'n kaal, dorre bult, het in 1931 reeds 3 710 Blankes en meer as 10 000 Nie-blankes gewoon.

Die munisipale toestand was skrikwekkend. Daar was geen strate, geen waterleiding, geen elektrisiteit, geen straatbeligting en hoegenaamd geen sanitasie nie. Ter illustrasie kan die volgende genoem word: “Op die rand van sy gebied (sowat 400 treë weg) het die stadsraad water teen 10/- vir 1 000 gallons verkoop. Daar haal wateryers dit en verkoop dit teen 1/6 (vir die naaste huise) tot 2/6 (vir die verstes) per vat van 40—50 gallons.”<sup>53</sup> In dié verband het dr. F.J. Minnaar, leraar van Port Elizabeth-Noord, ook die volgende vermeld: “Die water is destyds per donkiekar met 'n vat vanaf Sydenham, in Ambrosestraat verkry. 'n Streep van 100—150 karretjies per dag was tussen Sidwell en Ambrosestraat sigbaar.”<sup>54</sup>

Armoede, wat in die ergste graad voorgekom het, is deur die depressie van 1932 tot 'n toppunt gevoer. Werkloosheid het sorgwekkende afmetings aangeneem. Onderstandswerke is onderneem alwaar werklose Blankes met pik en graaf die skrale loon van 5/- per dag kon verdien. Ds. J.T. Martens, leraar van die Moedergemeente, het gedurende 1932 uit sy eie sak £150 aan hulpbehoewendes gegee. Dr. Minnaar het die volgende beskrywing van 'n patetiese protesoptog van die werklooses deur die strate

51. F.J. Minnaar, *Die Plattelander in die Stad*, p.338.

52. H.G.J. Lintvelt, *Die Geskiedenis van Afrikaanse Moedertaalonderrig in Port Elizabeth, 1907—1959*, p.56.

53. J.F.W. Grosskopf, *Plattelandse verarming en Plaasverlating*, p.215.

54. C.L. Grundlingh, *Ned. Geref. Kerk — Port Elizabeth-Noord: Boustouwe*, p.190.

in die depressiejare gegee: “Die werkloses het selfs ’n demonstrasie-optog gehou; vooraan ’n doodkis, deur ’n paar man gedra en deur ’n lang stoet gevolg. Vlak agter die doodkis met ’n swart hoed op het ’n teenswoordige ouderling gevolg.”<sup>55</sup>

Toestande van nood en ellende het so vererger dat die stadsraad genoodsaak was om planne te beraam ten einde sowat 500 van die Blanke werkloses in tente op die tentoonstellingsterrein te huisves, maar dit het skipbreuk gely. En nog steeds het die instroming van verarmde Afrikanergesinne onverpoos voortgeduur.

In 1931 was daar in Port Elizabeth reeds drie N.G. gemeentes met ’n totale sieletal van 7 450. Dit het beteken dat die sieletal binne 24 jaar (die eerste gemeente is in 1907 gestig) tien maal vermeerder het. Die getal Afrikaanssprekendes het in 1931 tot 12 000 gestyg, wat 27,3% van die totale Blanke bevolking uitgemaak het. Binne slegs tien jaar het die getal Afrikaanssprekendes dus meer as verdubbel. In die tydperk 1926 tot 1931 het Port Elizabeth se groeitempo, met ’n gemiddelde jaarlikse toename van die Blanke bevolking van 5,6%, selfs dié van die vorige vyf jaar, toe dit die hoogste in die land was, oortref.<sup>56</sup>

Volgens dr. E.G. Malherbe, lid van die Carnegie-kommissie, was daar in 1932 reeds 5 000 armblankes in Port Elizabeth — die grootste sametrekking van armblankes in Suid-Afrika!<sup>57</sup> Na aanleiding hiervan het ’n plaaslike Engelse dagblad die volgende veelseggende kommentaar gelewer: “To become a dumping ground for poor whites is hardly in keeping with the aspirations of the city and we suggest that the matter might appropriately form the subject of a special investigation.”<sup>58</sup>

Die voortdurende instroming van verarmde Afrikanergesinne het nie net ’n swaar las op die skouers van die N.G. Kerk geplaas nie, maar het in die besonder tot die probleme van die plaaslike owerheid bygedra; veral ten opsigte van behuising en werkverskaffing. Die volgende redaksionele kommentaar het die noodsituasie, wat in die vroeë dertigerjare geheers het, onderstreep: “Those people who are wholly dependent on local charity include a very large proportion who have migrated to the city from the rural areas. As a community, we have, in common humanity, assumed the charge of feeding and housing them, and wherever possible, providing them with work. But this state of affairs cannot go on. In the end the Central Government will be compelled to take some practical interest in the subject — either that, or they are prepared to stand aside and watch men, women and children starving in their sight.”<sup>59</sup>

Die skynbare verbetering van die ekonomiese toestand in 1934, die skielike opbloeï van die motorhandel en gevolglike motorproduksie, het ’n abnormale toevloei van plattelandse bewoners na die stad ten gevolge gehad, sodat die ellende vanweë die verhoogde getal, ongeag die beter werksbedeling, geensins afgeneem het nie.

Die oorgrote meerderheid van hierdie nuwe toevloei is deur die motor- en die skoenbedryf opgeneem.<sup>60</sup> In dié verband het dr. Minnaar in November 1934 gemeld dat die sieletal van die N.G. gemeente Port Elizabeth-Noord, binne sewe maande na die stigting van die gemeente, met ruim ’n duisend toegeneem het. In hierdie stadium was haas elke dorp en distrik — omliggend, sowel as verafgeleë — in

55. *Ibid.*, p.192.

56. S. Pauw, *Die Beroepsarbeid van die Afrikaner in die Stad*, p.125.

57. *Eastern Province Herald*, 12 Januarie 1932.

58. *Ibid.*

59. *Ibid.*, 30 April 1932.

60. *Verslae van Godsdiens (1933—1934)*, RA 1/17.

dié gemeente verteenwoordig. Volgens dr. Minnaar het die toestroming van die plattelandse bewoners na die hawestad gedurende 1934 sy hoogtepunt bereik — in so 'n mate dat daar teen die einde van 1934 sowat 13 000 Afrikaanssprekendes in Port Elizabeth was.<sup>61</sup>

Terwyl die Blanke bevolking van Port Elizabeth in 25 jaar tyd (1911—1936) net meer as verdubbel het, het die getal Afrikaanssprekendes in dieselfde tydperk tien maal vermeerder — voorwaar 'n treffende bewys van die omvang van die stadwaartse trek van die Afrikaner. In 1936 was daar 15 600 Afrikaners in Port Elizabeth wat 29,2% van die Blanke bevolking uitgemaak het. In die tien jaar (1926—1936) het Port Elizabeth se Blanke bevolking met 20 000 toegeneem — die toename in hierdie dekade het gelyk gestaan aan die totale Blanke bevolking in 1911. Die stadwaartse toestroming het derhalwe in hierdie dekade nuwe hoogtes bereik.

In hoe 'n mate die kerklike swaartepunt na 'n stad soos Port Elizabeth verlé is, het verder uit die volgende besonderhede geblyk. Die Blanke bevolking het tussen die jare 1921 en 1936 verdubbel, terwyl die sieletal van die N.G. Kerk gedurende dieselfde vyftien jaar byna verdrievoudig het. Dit is belangrik om daarop te let dat Port Elizabeth 'n Afrikaanse hinterland het. Die Afrikaners van die platteland wat hul toevlug na Port Elizabeth geneem het, het uit die ou gevestigde gemeentes van die Kaapse N.G. Kerk gekom. Insake die stadwaartse trek van die Afrikaner is die volgende bevindinge van dr. Minnaar veelseggend: “Die grootste gedeelte van die ‘baie arm’ lede van die N.G. Kerk het na die stede verhuis, en bykans die helfte indien nie die helfte van die ledetal van die N.G. Kerk in die stede (1936) word deur die ‘baie arm’ klas gevorm.”<sup>62</sup> En verder: “Die oorgrote meerderheid van die stadwaartse verhuisers is lede van die N.G. Kerk.”<sup>63</sup>

Vanweë die voortdurende en buitengewone stadwaartse toestroming en die nood en ellende wat in die stede geheers het, het die Kaapse Sinode van 1936 'n besluit eenparig aanvaar dat huisgesinne en persone in die platteland, wat voornemens was om hul toevlug na die stedelike sentra te neem, eers die betrokke kerkrade skriftelik van 'n werkkring moes verseker alvorens hulle verhuis het.<sup>64</sup> Hierdie besluit het egter 'n baie geringe uitwerking op die stadwaartse trek gehad.

Pauw<sup>65</sup> het in 1946 'n berekening gemaak van persone wat aan die drie Afrikaanse Kerke behoort het, as 'n persentasie van die Blanke bevolking van elke stad. Van al die stede (die 16 stadsgebiede) het die grootste styging in Port Elizabeth voorgekom, waar die getal Afrikaners, aldus Pauw, toegeneem het van 4% van die Blanke bevolking in 1904 tot 30% in 1936. 'n Merkwaardige toename as in gedagte gehou word dat Port Elizabeth in 1904 een van die vier stede was met minder as 5 persent Afrikaners.

In ronde syfers was die netto intrek na Port Elizabeth, wat die Blanke bevolking betref, in die tien jaar 1926 tot 1936 gemiddeld 1 400 per jaar.<sup>66</sup>

Volgens Schumann<sup>67</sup> het die bevolking van die tien grootste stede tussen 1921 en 1936 met 62% gegroei. Gedurende dieselfde periode het die Blanke bevolking

61. *Die Kerkbode*, 28 November 1934.

62. F.J. Minnaar, *Die Plattelander in die Stad*, p.489.

63. *Ibid.*, p.498.

64. *Acta Synodi (1932—1936)*.

65. S. Pauw, *Die Beroepsarbeid van die Afrikaner in die Stad*, p.127.

66. *Ibid.*, p.137.

67. C.G.W. Schumann, *Die Ekonomiese posisie van die Afrikaner*, p.101

van die Rand met 73% toegeneem, van Durban en voorstede met 59%, van Kaapstad en voorstede met 47% en van Port Elizabeth en voorstede met 101%. In 1936 was Port Elizabeth se Blanke bevolking 53 461, waarvan 15 600 Afrikaanssprekend was. Die Afrikaanssprekendes het dus toe 29,2% van die Blanke bevolking uitgemaak. Daarenteen het die Afrikaanssprekendes in 1936 in Johannesburg 23,9% van die Blanke bevolking uitgemaak en in Kaapstad 21,0%.<sup>68</sup>

Port Elizabeth se Blanke bevolking het van 22 873 in 1904 tot 53 461 in 1936 toegeneem — dit wil sê, met 133% vermeerder. Wat die toename in die getal Afrikaners betref, lyk die prentjie egter heel anders. Die getal Afrikaners in die stede het tussen 1904 en 1936 verviervoudig (dit wil sê, met 300% toegeneem).<sup>69</sup> Daarenteen het die getal Afrikaanssprekendes in Port Elizabeth van 900 in 1904 tot 15 600 in 1936 toegeneem — dit wil sê, met 1 633% vermeerder. Hierdie 1 633% spreek boekdele en dit is te betwyfel of 'n ander stad in die land tussen 1904 en 1936 na verhouding so 'n snelle aanwas van Afrikaners gehad het.

### III

#### Die Tydperk 1936—1960

Die toestroming van Afrikaanssprekendes na Port Elizabeth sou in die tydperk 1936 tot 1960 selfs nog groter afmetings aanneem. In 1937, dertig jaar na die stigting van die eerste N.G. gemeente, was daar vier gemeentes in Port Elizabeth, met 'n totale sieletal van 10 872 en 'n ledetal van 6 077. Die sieletal het dus binne dertig jaar veertien maal vermeerder. Die geweldige omvang wat die stadwaartse toestroming in die dertigerjare aangeneem het, is goed deur die gemeentelike statistieke van Port Elizabeth-Noord geïllustreer, omdat die oorgrote meerderheid van die plattelandse gesinne hulle binne die gemeentelike grense van Port Elizabeth-Noord gevestig het.

Dié gemeente is in November 1933 met 'n sieletal van 2 164 gestig. In 1937 was die sieletal 4 230 — dit wil sê, binne slegs vier jaar het die sieletal feitlik verdubbel. Waar daar in die gemeente in April 1937 sestig nuwe lidmate voorgestel was, is daar in Oktober 1937 altesaam 125 voorgestel — 'n verdubbeling dus binne slegs ses maande.<sup>70</sup>

Teen die einde van die dertigerjare het Port Elizabeth die ongunstigste sosio-ekonomiese omstandighede van Suid-Afrika se groot stedelike sentra vertoon. Uit amptelike statistiek van 1937, in verband met die agterbuurte van Port Elizabeth, het dit geblyk dat 98% van die krotbewoners Afrikaners was wat van die platteland af die stad binnegestroom het.<sup>71</sup> Volgens 'n skoolraadsopname van 1938 het 53 persent van die leerlinge aan die Laerskool Piet Retief aan wan- en ondervoeding gely: "which means that conditions at this school were worse than in practically any coloured school".<sup>72</sup>

Volgens 'n opnametabel was daar in 1939 in Port Elizabeth slegs een-vyfde van 'n

68. *Ibid.*, p.105.

69. F.A. van Jaarsveld, *Die Verstedeliking van die Afrikaner* (S.A.U.K.-praatjies — 1972), p.17.

70. *Verslae van Godsdienst (1935—1937)*, RA 1/19. (Volgens dr. Minnaar is die aanneming van nuwe lidmate 'n goeie barometer om die groei van 'n gemeente aan te dui.)

71. *Die Oosterlig*, 26 November 1937.

72. H.E. van Zyl, *Report on Medical Conditions at the Piet Retief Primary School, Port Elizabeth, 1942*.

getal van 1 618 huisgesinne wat òf eiendomsreg besit het òf die huis onder die huurkoopstelsel verwerf het. Die res (vier-vyfdes) het nie 'n eie huis besit nie en het gevolglik onproduktiewe huishuur betaal.<sup>75</sup> Hierdie opnametabel spreek boekdele, want dit het duidelik aangetoon in hoe 'n mate die Blanke bevolking van Port Elizabeth nog in die greep van armoede en gewetenlose huisspekulante vasgevang was.

Die getal Afrikaanssprekendes in 1941 was sowat 19 500, wat reeds 33,5 persent van die stad se Blanke bevolking uitgemaak het. In hierdie stadium was daar al 'n tydelike afname in die stadwaartse toestroming te bespeur. In die vyf jaar, 1936 tot 1941, het die getal Afrikaanssprekendes teen 'n gemiddelde van 780 per jaar toegeneem. Van dié getal het die oorgrote meerderheid hulle jaarliks in die gemeente Port Elizabeth-Noord (Sidwell, Korsten, Noordeinde en Sydenham) gevestig.

Die volgende onderwys-gewens het 'n goeie aanduiding van die instroming van die plattelandse distrikte af in die dekade 1930 tot 1940 gegee: In 1930 was daar 450 Blanke leerlinge in Sidwell. Teen 1940 het die getal tot 1 500 getyg — dit wil sê, die getal Blanke leerlinge in Sidwell het binne tien jaar meer as verdrievoudig.<sup>74</sup> Heeltemal tereg het dr. Minnaar opgemerk dat die stede die setels van 'n groeiende Afrikanerdom word.<sup>75</sup>

In Sidwell, waar 'n groot persentasie van die Afrikaanssprekende plattelandse bewoners hulle gevestig het, het daar in die veertigerjare skokkende woonbuurt-toestande geheers. Dr. H.E. van Zyl, skoolhoof van die Laerskool Piet Retief, het hom in 'n memorandum onder meer as volg hieroor uitgelaat: "No monkey can venture without risk along these stinking tracks — the so-called streets of Sidwell. Streams of foul water in the streets run in all directions, in some cases streams 373 yards long. In Wright Street is a green, slimy, stinking vlei. These so-called streets of Sidwell are really footpaths and tracks which abound in potholes, craters and loose stones; they are soaked in and drenched with slop and kitchen water; they are the accumulation centres of dirt, dust and flies ... a disgrace to a town such as Port Elizabeth. The conditions arising out of such a state of affairs in a thickly populated area are dreadful and dangerous. Besides being a menace, it certainly is a serious danger to public health and really is no credit to our city."<sup>76</sup>

In 1941 het Sidwell reeds meer as 6 000 Blanke inwoners gehad en tog was die munisipale toestande betreurenswaardig. Volgens dr. Van Zyl het alles braak gelê. Mediese hulp en fasiliteite was buite die bereik van 'n groot deel van die behoefte inwoners; op sosiale gebied het daar nood en ellende geheers en die behoefte aan hulp en leiding was skrikwekkend. Ongelukkig was die Kerk, vanweë 'n gebrek aan fondse, in sy hulpverlening gekortwiek en moes die Laerskool Piet Retief ook inspring en saam met die Kerk help.<sup>77</sup>

Armoede het in Sidwell groot afmetings aangeneem. In 1940 het 815 ingeskrewe leerlinge, waarvan die oorgrote meerderheid Afrikaanssprekend was, die Laerskool Piet Retief bygewoon. Van dié getal was daar meer as 600 wat te arm was om hul

73. F.J. Minnaar, *Die Plattelander in die Stad*, p.351.

74. H.E. van Zyl, *Report on Medical Conditions at the Piet Retief Primary School, Port Elizabeth, 1942*.

75. F.J. Minnaar, *Die Plattelander in die Stad*, p.269.

76. H.E. van Zyl, *Report on Medical Conditions at the Piet Retief Primary School, Port Elizabeth, 1942*.

77. *Die Oosterlig*, 10 April 1941.

skoolboeke te betaal.<sup>78</sup> Sedert Julie 1942 is daar ook daaglik ongeveer 200 van die behoefstigste leerlinge by dié skool gevoed.<sup>79</sup> Die volgende stelling van dr. Van Zyl is dus geensins oordrewe nie: "Of all the poor areas in our country, I do not think there is one where the problems are as acute, and of such magnitude, as in Sidwell."<sup>80</sup>

Teen 1942 was Port Elizabeth een van die vyf stede in Suid-Afrika waar die aanhangers van die N.G. Kerk, wat getalle betref, reeds die van enige Engelse Kerk oortref het.<sup>81</sup> In dié verband het ds. J.R. Albertyn, die toenmalige Algemene Armesorgsekreteraris van Transvaal, hom as volg uitgelaat: "Dit is trouens gewis en seker dat ons vandag (1942) in die stadwaartse trek met een van die magtigste volksbewegings van ons tyd te doen het. Met reg word daar gepraat van die tweede Groot Trek van die Boerenasie, hierdie keer van die platteland na die stede."<sup>82</sup>

Volgens die kerksensus van 1945 het die Port Elizabeth-Uitenhage-kompleks, in vergelyking met die ander agt stedelike sentra van Suid-Afrika, die hoogste lidmatetal en die hoogste sieletal per gemeente gehad. Die getal lidmate per gemeente was 1 948 en die getal siele 3 539. Die landwye gemiddelde ten opsigte van die stedelike sentra van die lidmatetal per gemeente was 1 299 en die sieletal 2 261.<sup>83</sup> Hierdie veelseggende gegewens gee 'n goeie aanduiding van die swaar las wat op die skouers van die N.G. leraars van Port Elizabeth gerus het.

In 1946 was die verspreiding van die Afrikaners in die hawestede soos volg: in Kaapstad sowat 20% van die Blanke bevolking, 19% in Oos-Londen en 10% in Durban.<sup>84</sup> Wat Port Elizabeth betref, lyk die prentjie egter baie gunstiger vir die Afrikaner, want in 1946 het die 25 600 Afrikaanssprekendes in Port Elizabeth 39,2% van die totale Blanke bevolking uitgemaak.

Die getal Afrikaanssprekendes in Port Elizabeth het binne die twee dekades tussen 1926 en 1946 verdrievoudig en binne slegs vyftien jaar, 1931 tot 1946, meer as verdubbel. In die dekade 1936 tot 1946 het die getal Afrikaanssprekendes met gemiddeld 1 000 per jaar toegeneem. Tussen 1936 en 1946 het die Blanke bevolking van Port Elizabeth met 22% vermeerder, terwyl die Afrikaners in dieselfde tydperk met 64% toegeneem het.

In die vier jaar, 1943 tot 1946, het groot droogtes die Kaapse Middelland en Oos-Kaapland geteister. Die stadwaartse toestroming sou hierdeur opnuut in omvang toeneem. Na die vredesluiting in 1945 met die beëindiging van die Tweede Wêreldoorlog het baie teruggekeerde soldate ook hul toevlug na die stedelike sentra geneem.

In 1947 was daar reeds sewe N.G. gemeentes in Port Elizabeth, met 'n totale sieletal van 17 587 en 'n ledetal van 10 025. By geleentheid van die hoeksteenlegging van Sydenham se kerkgebou in 1947 het raadslid A. Schauder op die ontsettende groei van die Afrikanerdom in Port Elizabeth gewys en gesê: "As daar ooit 'n wonderwerk in my leeftyd plaasgevind het, is dit gewis die wonderwerk van die Afrikaner in Port Elizabeth."<sup>85</sup>

H.E. van Zyl, *Report on Medical Conditions at the Piet Retief Primary School, Port Elizabeth, 1942.*

79. *Die Oosterlig*, 4 Junie 1943.

80. H.E. van Zyl, *Report on Medical Conditions at the Piet Retief Primary School, Port Elizabeth, 1942.*

81. J.R. Albertyn, *Die Boerekerk word Stadskerk*, p.6.

82. *Ibid.*, p.14.

83. J.R. Albertyn, P. du Toit, H.S. Theron, *Kerk en Stad*, p.127.

84. F.A. van Jaarsveld, *Die Verstedeliking van die Afrikaner* (S.A.U.K.-praatjies — 1972), p.19.

85. *Die Oosterlig*, 9 Junie 1947.



Volgens die kerksensus van 1948 was daar in die stad en die buitestedelike gebied van Port Elizabeth 3 678 gesinne wat tot die N.G. Kerk behoort het. Van hierdie getal het slegs 854 gesinne eiendomsreg besit — met ander woorde, slegs 23 persent van die totaal.<sup>86</sup>

'n Kwaai droogte het Oos-Kaapland gedurende 1949 geteister — in sommige distrikte die ergste van die eeu. Dit het 'n hernieude toestroming van verarmde Afrikanergesinne na Port Elizabeth tot gevolg gehad. Die toestroming het so 'n omvang aangeneem dat daar in 1951 reeds 30 600 Afrikaanssprekendes was en wat 38,9 persent van die Blanke bevolking van die stad uitgemaak het. In 1956 is die Kaapse Middelland nogmaals in een van die kwaaieste droogtes in die geskiedenis vasgevang. Ook Oos-Kaapland was deur 'n baie kwaai droogte geteister. Hierdie droogtes en die gevolglike verarming wat in die platteland ingetree het, het die stadwaartse trek weer eens laat toeneem.

Hierdie konstante stadwaartse toestroming van plattelanders het ten gevolge gehad dat daar binne 'n betreklik kort tydperk van 50 jaar, nie minder nie as 13 N.G. gemeentes in Port Elizabeth gestig is, naamlik: Port Elizabeth-Moedergemeente 1907, Port Elizabeth-Sentraal 1928, Walmer 1929, Port Elizabeth-Noord 1933, Port Elizabeth-Wes 1940, Kensington 1945, Sydenham 1946, Port Elizabeth-Oos 1952, Sidwell 1952, Algoapark 1953, Noordeinde 1953, Newtonpark 1953 en Parkheuvel 1955.

Terwyl daar in die hele tydperk vóór 1940 slegs vier gemeentes gestig is, is daar tussen die jare 1940 en 1957 altesaam nege gemeentes gestig. Hieruit blyk duidelik in watter mate die stadwaartse trek van die Afrikaner in die tydperk ná 1940 in momentum sou toeneem. In 1957, 'n halfeeu na die stigting van die eerste gemeente, was die totale sieletal van die dertien N.G. gemeentes in Port Elizabeth 28 099 en die getal lidmate 16 562. Vanweë die fenomenale groei van die N.G. Kerk is die Ring van Port Elizabeth in 1957 ook in twee verdeel.

In 1907, die stigtingsjaar van die eerste N.G. gemeente in Port Elizabeth, was daar 24 stadsgemeentes in Suid-Afrika en vyftig jaar later, in 1957, was daar 221.<sup>87</sup> Met ander woorde, die toename in die stigting van N.G. stadsgemeentes in Suid-Afrika, vir die tydperk 1907 tot 1957, was in die verhouding 1:9. Ten opsigte van Port Elizabeth was die toename egter in die verhouding 1:13. Die stigting van gemeentes in Port Elizabeth het dus teen 'n sneller tempo as die landwyse groeitempo geskied.

In die nege jaar, 1951 tot 1960, het die getal Afrikaanssprekendes in Port Elizabeth teen 'n gemiddelde van 977 per jaar toegeneem. Die getal Afrikaanssprekendes in 1960 was 39 400, wat reeds 41,4% van die stad se Blanke bevolking uitgemaak het. Teen 1960, aldus Van Wyk,<sup>88</sup> was 11 301 of 41,2 persent uit die totale Blanke manlike werkkragte van 27 456 in Port Elizabeth reeds Afrikaanssprekend. Hy het dit as merkwaardig bestempel, veral as in aanmerking geneem word dat Port Elizabeth aanvanklik as 'n Engelse stad ontwikkel het.

Vergelykenderwys kan op die volgende statistiek gelet word: Tussen 1936 en 1960 het die Blanke bevolking van die Witwatersrand met 91% vermeerder, teenoor 54% vir die land as geheel.<sup>89</sup> Daarteenoor het die Blanke bevolking van Port

86. L.L.N. Botha, *Die Maatskaplike Sorg van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika (1928—1953)*, p.201.

87. J.R. Albertyn, *Land en Stad*, p.156.

88. S. van Wyk, *Die Afrikaner in die Beroepslewe van die Stad*, p.148.

89. F.A. van Jaarsveld, *Die Verstedeliking van die Afrikaner* (S.A.U.K.-praatjies — 1972), p.18.

Elizabeth in dieselfde tydperk met 77% vermeerder. Tussen 1936 en 1960 het die Afrikaners as bevolkingsgroep met 60% toeneem, terwyl hulle in dieselfde tydperk met 167% aan die Witwatersrand toeneem het.<sup>90</sup> Daarteenoor het die getal Afrikaanssprekendes in Port Elizabeth tussen 1936 en 1960 met 152% toeneem. Hieruit blyk duidelik dat die Afrikanerbevolking van Port Elizabeth buitengewoon snel aangewas het, soos saamgevat in onderstaande tabel:

**TOENAME IN GETAL AFRIKAANSPREKENDES IN PORT ELIZABETH**

| Jaar | Totale Blanke Bevolking | Afrikaanssprekendes | % van Blanke Bevolking |
|------|-------------------------|---------------------|------------------------|
| 1904 | 22 873                  | 900                 | 3,9%                   |
| 1911 | 20 007                  | 1 500               | 7,5%                   |
| 1918 | 23 339                  | 4 000               | 17,1%                  |
| 1921 | 26 636                  | 5 500               | 20,6%                  |
| 1926 | 33 756                  | 8 500               | 25,2%                  |
| 1931 | 43 924                  | 12 000              | 27,3%                  |
| 1936 | 53 461                  | 15 600              | 29,2%                  |
| 1941 | 58 256                  | 19 500              | 33,5%                  |
| 1946 | 65 271                  | 25 600              | 39,2%                  |
| 1951 | 78 670                  | 30 600              | 38,9%                  |
| 1960 | 95 241                  | 39 400              | 41,4%                  |

90. *Ibid.*, p.17.